

Maandag

Mat.1:1, 21- 23; 6: 9,10; 16: 21-23; 20:20-22,25; 22: 41-44; 23: 1-3; 28: 16 -20. Teks 6:1 "Laat U koninkryk kom." Tema: "Christus regeer ons deur God se beloftes vir ons waar te maak - nie sy wet af te dwing nie." Die "Ons Vader"-gebed is hoe ons Christus as God aanbid, net soos sy dissipels Hom as God aanbid het toe hulle Hom as opgestane Here ontmoet het. (Mat.28:17) Christus leer ons met die bede "Laat U koninkryk kom", dat ons God, die Vader moet vra dat Christus God se koninkryk sal laat kom. God die Vader laat nie sy koninkryk deur ons kom nie, maar deur sy Seun. Wie God die Vader vra dat Hy sy koninkryk deur sy Seun sal laat kom, is besig om te bid, met die aanbidding van Christus. Wie God vra dat Hy sy koninkryk deur hulle wat bid sal laat kom, is NIE besig met 'n gebed of aanbidding nie. Dit is 'n aanbod aan God waarin mense hul self bereid verklaar dat God sy mag deur hulle sal uitoefen, 'n aanbod vir magsdeling met God. Magsdeling met God is totaal iets anders as die aanbidding van Christus as God. Wie homself aanbied dat God sy mag, sy koninkryk, deur hóm moet laat gebeur, is besig om homself met die krag en mag van God te identifiseer. Só 'n aanbod aan God is nie 'n gebed tot God of aanbidding nie. Die teenstelling tussen Christus se koninkryk en sy dissipels se koninkryk, is die oorsaak van die spanning, die verskil, die konfrontasie, die vervreemding tussen Jesus en sy dissipels, en uiteindelik hulle verwerping van Hom as die Christus. Beide die dissipels én die Jode wou gehad het dat God sy koninkryk laat kom, oprig, vestig, handhaaf en uitbrei deur hulle. Jesus openbaar hierteenoor dat nét Hy (sonder sy dissipels of die Jode) God se nuwe koninkryk instel, vestig, handhaaf en uitbrei. Daarom is die Matteus Evangelie 'n getuigenis van die botsing tussen twee koninkryke, twee maniere waarop God regeer: die koninkryk wat die DISSIPELS wou hê dat God deur hulle sou laat kom en die koninkryk wat CHRISTUS alleen laat kom. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds Petrus

Dinsdag

Mat.1:1, 21- 23; 6: 9,10; 16: 21-23; 20:20-22,25; 22: 41-44; 23: 1-3; 28: 16 -20. Teks 6:1 "Laat U koninkryk kom." Tema: "Christus regeer ons deur God se beloftes vir ons waar te maak - nie sy wet af te dwing nie." Christus se koninkryk en die een wat die Jode en sy dissipels wou oprig, gaan oor twee verskillende magsetels! Christus wys in Mat. 22 en 23 dat sy magsetel is die troon aan die regterhand van die Vader in die hemel, en hulle sin is die stoel van Moses in Jerusalem. (Mat.23: 2 Direkte Afrikaanse vertaling.) Die Jode gee drie redes hoekom Jesus 'n valse Christus is en daarom nie op die stoel van Moses kan sit nie: a. Vir die Herodiane was Hy 'n regse Joodse nasionalis wat geweld teen die owerheid aanhits; (Mat.22:15 – 22); b. die Sadduseërs 'n fundamentalis omdat Hy aan die letterlike opstanding van mense uit die dood uit glo (Mat.22: 23 – 33); en c. vir die Fariseërs is Jesus 'n liefdelose wettelose mens. (Mat.22: 34 – 40) Christus wys hulle dat Hy nie gekom het om op die stoel (dit is die magsposisie) van Moses in JERUSALEM te sit nie, maar as Seun van die Vader aan sy REGTERHAND in die hemel. (Mat.22: 41 – 46) In Mat. 28 verklaar die Here Jesus dat Hy nou die magsetel aan die regterhand van die Vader

ingeneem het deur sy lyding en opstanding met twee magsuitsprake: “Aan My is alle mag op hemel en op aarde gegee”, en “Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding.” Met die eerste verklaar Jesus Hy is die Seun van Dawid wat die kerk oprig (2 Sam. 7: 11 -) en die tweede dat Hy die Seun van Abraham is om die Abrahamsbeloftes waar te maak in sy kerk se lidmate: Hy bevry ons van al ons afgodery, reinig ons van sonde, gee vir ons ’n hart wat God liefhet, neem die hart in ons wat God se mag, krag, lewe en Naam as ons eie wil ervaar weg en sluit ons in sy liefde in. Só laat Hy die Vader se koninkryk kom. (Eseg. 36:24-32; Mat.1:1) Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat.1:1, 21- 23; 6: 9,10; 16: 21-23; 20:20-22,25; 22: 41-44; 23: 1-3; 28: 16 -20. Teks 6:1 “Laat U koninkryk kom.” Tema: “Christus regeer ons deur God se beloftes vir ons waar te maak - nie sy wet af te dwing nie.” Jesus se dissipels wou hê Hy moes op die “stoel van Moses in Jerusalem” gaan sit. As hulle Christus moes Hy met sy goddelike wondermag deur die Joodse volk die hele wêreld aan die wet van God onderwerp het vanuit Jerusalem as die hoofsetel van God se mag op aarde, net soos met die Moslems se Mekka. God het nooit hierdie magsentrum, “stoel van Moses” ingestel nie, dit was deur die Jode self opgemaak. Christus beskryf hierdie selfopgemaakte geestelike mag wat sy dissipels wil hê in Mat. 23:1–12. Dit is ’n geestelike mag wat

1. nuwe geestelike wette uitdink en afdwing as God se wette, wat nie God se geboorte is nie. (23: 4), waarin
2. selfbemaagtigde geestelike leiers vir gelowiges ondraagbare godsdienstige laste opla, wat hulle self nie dra nie (23: 4), omdat
3. hulle kamstig God se geestelike direkteure is wat God self, God se visie en missie uitbeeld, maar deur ander uitgevoer moet word (23: 5,6), en waarin
4. hulle gelowiges se geestelike leiers, leermeesters en vaders wil wees (23: 8). Die verskil tussen hoe die dissipels God se koninkryk deur hierdie mag wou laat kom en hoe Jesus sy Vader se koninkryk laat kom, het 3 botsings tussen hulle en Jesus veroorsaak:
 - a. In Mat.16:22 verbied Petrus vir Jesus in God se Naam om die koninkryk deur sy lyding en opstanding te laat kom.
 - b. In Mat. 20:20-28 probeer Johannes en Jakobus aangewys word as Jesus se opvolgers op die stoel van Moses in die geloof dat hulle ook Christusse kan wees en
 - c. in Mat.26 verlaat en verloën sy dissipels Jesus omdat Hy sy voorneme om vir sondaars te wil ly en uit die dood uit op te staan, deurvoer, en hulle nie medeleiers, -regeerders en -leermeesters op die stoel van Moses maak nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Mat.1:1, 21- 23; 6: 9,10; 16: 21-23; 20:20-22,25; 22: 41-44; 23: 1-3; 28: 16 -20. Teks 6:1 “Laat U koninkryk kom.” Tema: “Christus regeer ons deur God se beloftes vir ons waar te maak - nie sy wet af te dwing nie.” Ons aanbid Jesus Christus as Here en

God net soos sy dissipels Hom (uiteindelik) in Matteus 28:17 aanbid. Daarom bid ons altyd met hierdie bedoeling die “Ons Vader”-gebed: “Vader, laat U koninkryk deur U Seun aan U regterhand vir ons kom!” Wanneer ons Christus só saam met die Vader as God in hierdie bede aanroep, dan bid ons soos volg:

- a. Ons bid dat God die Vader ons deur sy Seun sal bekeer uit die koninkryksopvatting, koninkryksideale, koninkryksverwagtings en koninkryksbegeertes dat ons met God mag deel. Ons bid dat God ons sal bekeer deur te glo dat net Christus deur sy lyding en opstanding ons insluit in sy nuwe wyse om sondaars te regeer.
- b. Met hierdie bede, bid ons dat die Vader ons sal inlyf in die liggaam van sy Seun as mens aan sy regterhand, sodat ons ingesluit en deel van die lyding en opstanding van sy Seun as mens kan wees, en só lede van sy kerk kan wees.
- c. Met hierdie bede, bid ons dat die Vader ons sal regeer deur al sy verbondsbeloftes vir en in ons waar te maak, dat Hy ons nie deur die oordeel, straf en vloek van sy wet sal onderwerp nie, maar ons van ons sondes sal reinig, ons sal versamel, ons ’n hart sal gee wat Hom sal liefhê en die hart waarmee ons sy krag, mag en lewe met Hom wil deel uit ons sal wegvat.
- d. Met hierdie bede bid ons dat die Vader ons sal bewaar van die “stoel van Moses op aarde”. Daardie geestelike bewegings wat vir God hier op aarde ’n nuwe magsetel in hul harte, hul lewe, hul gesinne, hul gemeenskap, hul volk en hul nasie wil skep, sodat hulle vir ons geestelike leiers, leermeesters en vaders kan wees.

ONS BID DUS TOT GOD: “Laat U koninkryk asseblief deur U Seun aan U regterhand vir ons kom en nie deur hulle wat hier op die aarde goddelike en geestelike magsetels vir God probeer oprig nie.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Mat.1:1, 21- 23; 6: 9,10; 16: 21-23; 20:20-22,25; 22: 41-44; 23: 1-3; 28: 16 -20. Teks 6:1: “Laat U koninkryk kom.” Tema: “Christus regeer ons deur God se beloftes vir ons waar te maak - nie sy wet af te dwing nie.” Ons bid nooit saam met geestelikes dat God sy koninkryk hier op aarde deur ons moet laat kom nie. Want hierdie is ’n magsverklaring tot magsdeling met God waarin hulle onderneem om vir God

1. ’n troon van Moses op aarde te skep,
2. dat hulle God se missie en visie op aarde sal uitvoer,
3. dat hulle vir mense God se nuwe geestelike regulasies sal opstel,
4. dat hulle God in hulle persoon en lewe sal uitbeeld as die voorbeeld vir die uitvoering van hierdie nuwe regulasies en
5. dat hulle hul self sal gee om vir God sy leiers, leermeesters en vaders oor mense en nasies te wees. Om vir God te sê “Laat ons vir U, U koninkryk bou” is ’n magsverklaring om namens God mense, gesinne, gemeenskappe, volke en nasies aan God se mag te onderwerp. Hulle brabbel hierdie magsverklarings in dieselfde ongeloof as die apostels Johannes en Jakobus dat hulle die Here se lydensbeker as Christus kan drink (Mat.20: 22) en nét soos Hy as sy opvolgers kamstig God op aarde kan verteenwoordig. Hulle noem hulle manier om net soos die Christus te ly

(sodat God sy mag deur sal uitoefen) hulle bekering! In hierdie magstoeëiening wat hulle “bekering noem:

1. Verneder hulle hul self voor God kamstig net soos Jesus in sy lyding deur God verneder is.
- 2 Kruisig hulle hul eie-ek en eie-belange, kamstig net soos Jesus gekruisig is.
- 3 Maak hulle hul eie-ek dood kamstig net soos Jesus dood gemaak is.
4. Laat hulle God se goddelikheid in hulle herleef kamstig net soos Jesus uit die dood uit opgestaan het.
5. Beklee hul self met God se mag, krag, lewe en outoriteit kamstig net soos Jesus aan die regterhand van God gaan sit het. As gelowiges bid ons dat die Vader sy koninkryk deur sy Seun sal laat kom en fluister ons nie magsaanbiedinge vir God dat ons net soos sy Seun sal kan wees nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.